

Woensdag 27 Maart

Skrifgedeelte: Josua 22:1-8

Fokusgedeelte: Josua 22:3, 4

Help ook ander!

“Julle het nie julle broeders in die steek gelaat nie – julle het gedoen wat die Here julle God beveel het!”

Watter mooi pryswoorde is hierdie nie! Die stamme Ruben, Gad en die helfte van Manasse het destyds vir Moses gevra (Num. 32:1-32) of hulle nie eerder grond oos van die Jordaanrivier kan kry nie. Moses staan hierdie versoek toe met die voorwaarde: Help eers die ander stamme die beloofde land inneem, dan kan julle terugkeer. Hierdie tyd het nou aangebreek. Die Here doen sy beloftewoord gestand – die beloofde land is ingeneem – en nou kan hulle terugkeer met die buit en ’n seënswens en hulle grond gaan bewerk.

So moet ons ook ander gaan help, al het ons reeds wat ons nodig het. Omdat ek reeds die ewige lewe in Christus het, daarom wil en moet ek uitgaan en die evangelie ook aan ander gaan bring. Ek bly nie net sit op my “beloofde land” en laat ander self sien en kom klaar nie.

Reik uit na ander gelowiges, gemeentes en help hulle en wees tot seën vir ander soos wat die Here jou reeds geseën het – dan gaan jy nog meer seën ontvang. Wees getrou in wat die Here van ons vra as sy dissipels: wees lief vir die Here, maar ook vir mekaar – hierin gaan ander weet dat julle aan Christus behoort (Joh. 13:55).

Kyk opnuut na die mense om jou, gelowiges en ongelowiges, en kyk hoe kan ons mekaar beter liefhê! En as iemand jou gehelp het, stuur hulle weg met ’n seënswens.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)